

AFRIKAANS TWEEDE TAAL HG VRAESTEL 2

Die gewone spelfoute is deurgaans gemaak. Kandidate kon nie die volgende woorde spel nie: Onmiddellik, kordeine vir gordyne – 10 variasies is gekry! – wensters in plaas van vensters, bit in plaas van bid, lyke in plaas van luike.

Waar die woord wat die kandidaat verkeerd gespel het, 'n ander betekenis gehad het, is daardie antwoord NIE aanvaar nie omdat die sin dan iets anders beteken het.

'n Voorbeeld hiervan is die volgende:

Vraag 2.8.5 Noem die bewyse dat die seuntjie nie daar was om daardie laaste, spesiale opvoering te sien nie. [DRUSSE]

Die verwagte antwoord was:

Die GORDYNE [1] en LUIKE [1] was toe.

Indien kandidate egter geskryf het:

Die KORDYNE [1] was toe en die LYKE het bewys dat die kind dood was, is die tweede punt NIE toegeken nie omdat sommige kandidate sover gegaan het as om te sê dat daar 'n LYK of 'n LYKSWA was. Die verkeerde spelwyse van LUIKE is nie aanvaar nie.

Kandidate moet dus herhaaldelik gewys word op die kernwoorde van die verskillende gedigte, kortverhale en die roman.

Alhoewel daar nie punte afgetrek is indien woordordefoute begaan is nie, is hierdie soort foute tog irriterend en 'n frustrasie vir die nasieners. Dit dui op slordige taalgebruik en algemene onkunde rakende taalreëls wat reeds jare [hopelik] aan die kandidate onderrig is.

Daar was 'n duidelik waarneembare gebrek aan WOORDESKATKENNIS. Swak kandidate kan nie eers basiese woorde wat tydens dialoogtipevrae vereis word, gebruik nie. Die woord JA moet tog op graad 12-vlak gespel kan word, maar dit is telkens as YA geskryf. Ook behoort 'n vraag wat iemand stel ten minste met 'n "Ja" of 'n "Nee", beantwoord te word, maar dit is in baie gevalle nie gedoen nie.

Dit wil voorkom asof baie slypwerk gedoen moet word voordat kandidate eksamengereed is. Die inskerping van eksamentegnieke word aanbeveel.